

Albieland Voorskool

Laerskool Generaal Alberts

h/v Penzance & St Aubyn St

New Redruth, ALBERTON

(011) 9072001/2



Skoolreëls

Albieland Voorskool

H/v Penzancestraat & St. Aubynweg
New Redruth, ALBERTON
Tel. (011) 907 2001/2

Geagte Ouers

SKOOLREËLS

Dit is vir ons aangenaam om u as ouers van ALBIELAND PRE-PRIMÊR te verwelkom. Ons wens en strewe is dat u kleuter hier tuis en gelukkig sal wees en ons sal alles in ons vermoë doen om sy/haar verblyf hier aangenaam te maak. Albieland is onderworpe aan reëls en regulasies soos bepaal deur die Bestuursliggaam van Laerskool Genl. Alberts. Ons het egter ook ons eie reëls en sal u samewerking waardeer. Dit is slegs tot voordeel van u kind.

Skoolure

Aankoms: Soggens vanaf **07:30 tot 08:00**

Vertrektyd: Smiddae **12:30 tot 13:00**

Ons sal nog by die skool wees tot 13:45 om toesig te hou oor kleuters wat deur hul ouer boeties en sussies afgehaal word. Kleuters moet persoonlik by ons afgehaal word, tensy vooraf anders gereël word. Ons doen 'n dringende beroep op u om u stiptelik by bogenoemde tye te hou. Dit sal die algemene roetine en dissipline van die skool baie vergemaklik. Tref asseblief vooraf reëlins indien u u kleuter by uitsondering later bring of vroeër wil kom haal. Ons het baie probleme in die verlede gehad met kleuters wat smiddae laat gehaal word. Indien die kleuter teen 13:45 nog nie gehaal is nie, word hy/sy na die naskoolsentrum geneem. U sal dan 'n boete van R10,00 vir elke 10 minute wat u laat is moet betaal. Skakel ons asseblief ook indien u kleuter afwesig gaan wees vir die dag. Die **hekkie in ons parkie** word soggens slegs tussen **07:30 en 08:00** gebruik en dan ook smiddae na **12:00**. Daar sal toesig wees vanaf 07:10. GEEN leerder mag voor hierdie tyd afgelaai word nie. Indien u kleuter ná 08:15 afgelaai word, maak asseblief gebruik van die laerskool se hoofhek in St. Aubynweg. **Albieland se skoolkwartale en skoolvakansies is dieselfde as alle departementele skole in die Gauteng-area.**

Dissipline

Ons vertrou dat die kleuters as een groep sal saamwerk en dat dissipline gehandhaaf sal word. Dissipline word primêr by die huis geleer. Indien daar ernstige probleme met dissipline ondervind word, sal ons met die ouers skakel.

Verjaarsdae

Alle kleuters geniet dit om vir een dag van die jaar belangrik te voel. 'n Verjaardagkring word as deel van die dag se program aangebied. Wanneer kleuters verjaar, mag hulle vir hul maatjies in die klas iets saambring om te eet. Reël net asseblief vooraf indien u eetgoedjies bring. Geen balonne word toegelaat nie. Dit is gevaarlik vir die kleuters.

Speelgoed

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT U KLEUTER NIE SY/HAAR SPEELGOED SKOOL TOE MAG BRING NIE! Dit veroorsaak dikwels onaangenaamheid en ons kan nie die verantwoordelikheid aanvaar dat dit heel huis toe sal gaan nie. Werk asseblief saam en bring alle speelgoed, boeke, kryte, klere, skoene, ens. wat u kleuter moontlik per abuis van die skool geneem het, die volgende dag terug.

Kleredrag

Bestel asseblief die Graad R uniform so gou as moontlik. Let asb daarop dat die verskaffers van die uniform sluit vir die Desember vakansie - dit is uiters belangrik dat die uniform **NIE LATER NIE as 15 November 2016** bestel word nie. Daardeur voorkom dit onnodige vertraging. Bestellings kan geplaas word by "**Choco Creations**" - **Sharon McIntyre** - **Telefoonnommer 072 414 3133**. Bestelvorms is ook beskikbaar by die skool. Trek asseblief vir u kleuter die aangewese skooldrag aan. Kleuters wat speel, se klere word vuil. Moenie u kleuter strem deur hom/haar skoon terug te verwag nie, aangesien ons van hulle verwag om alle aktiwiteite ten volle te geniet. **Alle kleuters moet asseblief ALTYD 'n stel skoon klere in hul tassies hê** vir enige "ongelukke" wat mag gebeur. **MERK ALLE klere duidelik**. Laat hulle asseblief gemaklike, plat skoene aantrek waarmee hulle kan hardloop. Onthou dat kaal voetjies in die somer gesond is.

Afwesigheid en siektes

Stel ons asseblief dadelik in kennis wanneer u kleuter siek is, veral as dit 'n aansteeklike siekte is. Indien u kleuter enige aansteeklike siekte het, mag hy/sy nie die kleuterskool bywoon totdat die aansteeklike tydperk verby is nie. In die geval van kopluse mag u u kleuter **ONDER GEEN OMSTANDIGHED** skool toe stuur voordat die kleuter se kop, liggaam en klere geheel en al luis- en neetvry is nie. Onthou dat nete aan die hare eiers is wat nog moet uitbroei. **KOPLUISE IS HOOGS AANSTEEKLIK!** en so ook ringwurm (omlope). Geen siek kleuter kan by die skool aanvaar of versorg word nie. U as ouers sal ook onmiddellik in kennis gestel word indien dit lyk of u kleuter ongesteld is. Dit is die verantwoordelikheid van die ouers om onmiddellik die kleuter te kom haal en na die dokter te neem vir behandeling.

Medisyne

Indien daar medikasie is wat die kleuter gedurende skoolure moet neem, moet u ons asseblief persoonlik in kennis stel en dit nie net saam met die kleuter stuur nie. Name en voorskrifte moet duidelik leesbaar wees en bottels moet goed verseël wees. Indien dit nodig sou wees om medikasie te gee gedurende skoolure, stuur asb 'n toestemmingsbrief saam sodat ons dit vir u kind kan toedien.

Noodgevalle

Indien 'n noodgeval ontstaan waar u kind in gevaar is en u nie betyds sal wees om u kind te kom haal nie, sal u huisdokter onmiddellik gekontak word en die kleuter daarheen geneem word vir behandeling. U sal egter u kind so spoedig moontlik moet kom haal vir verdere versorging.

Verversings

Kleuters bring elke dag 'n eie kospakkie skool toe wat om ongeveer 10:30 genuttig sal word. Merk asseblief alle kosblikke en koeldrankbotteltjies. 'n Kospakkie kan bestaan uit toebroodjies, 'n vrugtesap en 'n vrug (of ander gesonde alternatief). **GEEN LEKKERGOED EN GASKOELDRANK WORD TOEGELAAT VAN MAANDAG TOT DONDERDAG NIE.** *Ons wil egter vra dat die kleuters ontbyt moet eet voordat hulle skool toe kom, aangesien hulle nie op leë magies hul beste kan gee nie.*

Snoepie

Die kleuters sal slegs Vrydae geleentheid kry om by die snoepie te koop. R10 tot R20 is voldoende vir snoepie en kan Vrydae aan die onderwyser oorhandig word. Indien die kleuter self die geld wil hou, moet die geld in 'n banksakkie of beursie geplaas word. Ons kry baie probleme met geld wat rondgedra word en wat dan wegraak. Ons aanvaar geen aanspreeklikheid daarvoor nie. Kleuters sal egter toegelaat word om elke dag van die week kos en koeldrank te koop. Kos by die snoepie beloop gemiddeld R25,00. Lig asb die onderwyseres in indien sy vir u kind kos moet bestel, om sodoende teleurstellings van kos uitverkope te verhoed. Kontakpersone by snoepie: Riaan - 071 086 0186 of Stephnie - 063 687 4384.

Uitstappies

Ons gaan selde op uitstappies as gevolg van veiligheidsrisiko's, maar ons kry wel mense om na ons toe te kom. Ons sal u voor die tyd verwittig van die gebeure en ook die koste daaraan verbonde.

Omsendbriewe

Omsendbriewe word in die huiswerk boeksakkie aan u gestuur. Teken asseblief die lys wat voorsien word en stuur die lêer onmiddellik terug sodat ons kan vasstel of u vertrouwd is met die inhoud van die spesifieke omsendbrief. Kyk asseblief elke dag in u kind se huiswerk boeksakkies.

Onderriggelde

Die skoolfooie vir 2017 beloop R14 360.00 per leerder per jaar. Die eerste betaling van R1 500.00 moet alreeds teen 30 Oktober 2016, en nie later nie as 30 November 2016, betaal wees. Hierdie bedrag is aftrekbaar van die jaarlikse bedrag. Die skoolgelde is streng vooruitbetaalbaar vóór die 7de van elke maand. **Indien u nie aan die vereistes voldoen nie, sal u kleuter sy/haar plek verbeur.** U kan in die kantoor of by die klasonderwyser betaal. Indien u kleuter die skool verlaat, moet een maand se skriftelike kennis gegee word.

Geldsake

Indien u geld skool toe wil stuur, plaas asseblief die korrekte bedrag in 'n koevert en skryf die volle besonderhede daarop. Alle kwitansies sal huis toe gestuur word. **Slegs onderriggelde kan in die kantoor betaal word.** Alle ander gelde moet by die klasonderwyser betaal word.

Oueraande

Daar is 'n inligtingsaand aan die begin van die jaar. Ons beveel aan dat u dit bywoon omdat dit in u kind se belang is. Daar sal ook 'n oueraand in die derde kwartaal wees, per afspraak, om u kind se vordering te bespreek. Indien ander probleme deur die jaar geïdentifiseer word, sal ons u telefonies kontak.

Assesseringsverslae

Gedurende die eerste kwartaal sal u 'n aanpassingsverslag ontvang. Assesseringsverslae word in Junie en Desember uitgestuur. Enige probleme kan met u kind se juffrou bespreek word.

Konsert

'n Konsert word jaarliks in November opgevoer en 'n skrywe in verband met enige kostes sal in September reeds aan die ouers gestuur word.

Gradeplegtigheid

'n Gradeplegtigheidseremonie vind in November plaas vir die kinders wat die daaropvolgende jaar Graad 1 toe gaan.

Foto's

Individuele foto's word gedurende die jaar geneem en gradeplegtigheidsfoto's aan die einde van die jaar.

Verandering van adres en kontaknommers

Laat weet ons asseblief dadelik indien daar verandering van adres of telefoonnommers is. Ons moet u onmiddellik kan kontak in 'n noodgeval.

Fondsinsameling

Albieland neem soms deel aan Laerskool Genl Alberts se fondsinsamelingsprojekte. Ons het ook ons eie fondsinsamelingsprojekte en hierdie fondse is spesifiek vir die kleuterskool.

Naskoolsentrum

Die naskoolsentrum is nie deel van Albieland nie. Die naskoolsentrum se ure is van 13:40 tot 17:45. Hulle bied ook voldag toesig gedurende skoolvakansies (buiten Desember). Hulle fooie vir 2017 beloop R640.00 per maand per leerder x 10 maande. Die registrasiefooie is R 500.00 per leerder. U moet self kos voorsien. 'n Snoepie is ook daagliks beskikbaar. Dagbesoekers is ook welkom teen addisionele koste per dag. Vir meer inligting en registrasievorms, kontak asb. vir Mev. Russell of Mev. Perumal op (011) 907-2001/2 of stuur u navrae per e-pos na mollyperumal@gmail.com.

Beskadiging van skoleiendom

Indien kleuters vandalisties optree en skoleiendom met opset beskadig, sal ouers verantwoordelik gehou word vir die vervanging daarvan.

SKOOLKWARTALE VIR 2017

1ste Kwartaal	11 Januarie - 31 Maart 2017
2de Kwartaal	18 April - 30 Junie 2017
3de Kwartaal	24 Julie - 29 September 2017
4de Kwartaal	09 Oktober - 06 Desember 2017

BAIE BELANGRIK!!
REËLINGS VIR DIE EERSTE SKOOLDAG (DINSDAG, 10 Januarie 2017)

Die skool heropen vir 2016 se Gr. R-leerders wat reeds ingeskryf en aanvaar is, alreeds op **Dinsdag, 10 Januarie 2017**. Leerlinge meld om **07:30** aan in die voorportaal, geklee in gewone klere, waarna hulle saam met hul ouers na hul klas vergesel sal word. Die leerlinge verdaag op Dinsdag weer om **10:00**. Sodoende word verseker dat daar geen onsekerheid by die kinders is oor hulle klas en onderwyseres wanneer hulle amptelik op Woensdag, 11 Januarie 2017 met hul nuwe skooljaar begin nie. Ons rig 'n vriendelike versoek dat die ouers sal vertrek sodra die leerlinge in die klas is, sodat die onderwyseres kan voortgaan met die verrigtinge in die klas.

Indien dit onmoontlik vir u is om reeds Dinsdag u kind skool toe te stuur soos hierbo uiteengesit, moet u asb. op Woensdag 11 Januarie 2017 by die kantoor aanmeld.

Benodigdhede

Elke kleuter moet asseblief die volgende aan die begin van die skooljaar skool toe bring:

- ☉ 1 boksie pleisters
- ☉ 1 botteltjie "Savlon"
- ☉ 2 botteltjies vloeibare handewasseep
- ☉ 2 rolletjies toiletpapier (dubbellaag asseblief!)
- ☉ 2 houers snesies
- ☉ 1 klein botteltjie Handy Andy
- ☉ 1 skroplap

Skryfbehoeftes

Die skryfbehoeftes kan by die volgende verskaffers aangekoop word:

Verskaffers van skryfbehoeftes:

- | | | |
|-----------------------|---|--------------|
| • Rein Supplies | - | 011 869 1261 |
| • PNA | - | 011 907 6415 |
| • The Inkpot | - | 011 908 6721 |
| • Green Leaf Project- | | 011 869 0040 |

Lys van skryfbehoeftes

- Ⓢ 14cm stomppunt skêr
- Ⓢ Denim boeksak (NIE 'n stoelsakkie nie, ons benodig die koevert-tipe)
- Ⓢ PVC dubbel voorskoot (Maak asb seker dat dit duidelik gemerk is met die kind se naam en van)
- Ⓢ 2 pakke A4 fotostaatpapier
- Ⓢ 1x dik inkleurboek
- Ⓢ 1x 16 kleure "Pental Oil Pastels"
- Ⓢ 2x HB potlode
- Ⓢ 1x Triplus HB potlood (Dun potlood)
- Ⓢ 4x 35g gomstafies
- Ⓢ 2x 24 Staedtler kleurpotlode
- Ⓢ 4x Plastiese oortreksels
- Ⓢ 1x 196 bladsy hardeband boek
- Ⓢ 1x No. 14 verfkwassie
- Ⓢ 1x 36 / 48 / 63 stuk legkaart
- Ⓢ 1x pak van 9 elk waskryte ("Jumbo thick")
- Ⓢ 1x Boogknip lêer (lever arch)
- Ⓢ 1x 2-gaatjie plastiek skerpmaker

Baie dankie vir u samewerking.

Groete

LJ STEENKAMP
HOOF

LINDI VöGEL
KLASONDERWYSER

GRAAD R:
Onthou!! Die skool begin op
Dinsdag 10 Januarie 2017
om 07:30

